# Gereformeerde Kerk Benoni

**7 Maart 2010**

**Lees: Deut 32 : 1-12**

**Teks: Ps 17 :8**

**Tema: My Oogappel**

## Sb 12-3 : 1, 2, 3

**Enigste Here, enkele Wese,**

**ons glo in U met ons hele hart.**

**Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons:**

**U is vir ewig God en Heer.**

## Sb 12-3 : 1, 2, 3

**U, onbegryplik, U is onsienlik,**

**altyd dieselfde, oneindig groot.**

**U is almagtig, wys en regverdig,**

**U is die bron van alle goed.**

**Sb 12-3 : 1, 2, 3**

**Jesus, Verlosser, Seun van ons Vader,**

**van al my sondes maak U my vry.**

**U Naam is enig,**

**U leef vir ewig,**

**U het gesterf, o Heer, vir my.**

# Votm

# &

# Groetseën

Ontmoetingsdiens

**Ps 148 : 1, 4, 7, 9 (bl 713)- Staan**

**Prys uit die hemele die Heer,**
**gee, engele, aan Hom die eer.**
**Prys, son, prys, maan, en prys Hom, ster**
**dié hemelwesens hoog en ver.**

## Ps 148 : 1, 4, 7, 9 (bl 713)

**Juig, dinge in die atmosfeer,**
**sing halleluja, loof die Heer:**
**Die seedier en die oseaan,**
**die sneeu en wolk wat Hom**
**verstaan.**

## Ps 148 : 1, 4, 7, 9 (bl 713)

**Loof, volke, heersers, regters saam,**

**loof, jonges, oues, God se Naam,**

**loof Hom, want in sy majesteit**

**heers Hy oor alles wyd en syd.**

## Ps 148 : 1, 4, 7, 9 (bl 713)

**Kom prys die Heer met dankbaarheid.**

**Prys hom in al sy majesteit.**

**Die volk wat naby aan Hom staan,**

**hef hoog 'n halleluja aan.**

Woord- en Gebedsdiens

**Lees : Deut  32 : 1-12**

**<u>Teksvers : Ps 17 : 8</u>**

**Beskerm my soos die appel van u oog, steek my weg in die skaduwee van u vleuels**

**Tema : My oogappel**

**Deut 32:1 "Hoor, hemele, ek praat, luister na my woorde, aarde!**
**2 My onderrig kom na julle toe soos reënwater, my woorde verkwik julle soos dou, soos sagte reëns op die grassies, soos reënbuie op die graan.**
**3 Ek wil die Naam van die Here roem. Prys ons God om sy grootheid!**
**4 Hy is die Rots, sy werk is volmaak, alles wat Hy doen, is regverdig. Hy is die getroue God, sonder onreg, Hy is regverdig en betroubaar.**
**5 "Israel is ontrou aan die Here, nie meer sy kinders nie, nie geskik vir sy diens nie, vals en korrup.**
**6 Doen julle dit die Here aan? Jy is ‘n dwase volk, sonder verstand. Is die Here nie jou Vader, jou Skepper, nie? Hy het jou gemaak, jou in die lewe gebring.**

7 Dink aan die dae lank verby, onthou die jare van die voorgeslagte. Vra jou pa dat hy jou vertel, jou oumense dat hulle jou dit sê.
8 Toe die Allerhoogste vir die nasies hulle besittings gegee het, toe Hy die mense in volke opgedeel het, het Hy vir hulle hulle grense bepaal, soveel as wat daar Israeliete is.
9 Hulle is die Here se volk, sy deel, Jakob is die Here se vaste eiendom.
10 Hy het sy volk in die woestyn gevind, in ‘n onbewoonbare land waar woestyndiere skreeu. Die Here het sy volk omhels, hom vertroetel en versorg soos die appel van sy oog.
11 Soos ‘n arend wat sy kleintjies uit die nes uitskop, oor hulle fladder en hulle vang op sy vlerke wat hy oopsprei, soos ‘n arend wat sy kuikens op sy vlerke dra,
12 so het die Here, net Hy alleen, sy volk gelei; daar was nie ‘n ander god by Hom nie.

Woord- en Gebedsdiens

# Sb 10-2 (Sb 28)

**Ons Vader wat woon in die hemel,**
**geheilig sy u Naam,**
**laat u ryk kom, u wil geskied,**
**soos in die hemel so ook op die aarde.**
**Gee ons vandag ons dag se brood**
**en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe**
**die wat teen ons sondig.**
**Laat kom ons nie in die versoeking;**
**maar verlos ons van die Bose.**
**Van U is die ryk en die sterkte en die ere,**
**vir ewig en ewig, amen**
**vir ewig en ewig, amen.**

# Kollekte:

# Diens van Barmhartigheid

Antwoorddiens

**Ps 31:2, 71:9, 31:17 (bl 143, 353) - Staan**

**O neig u oor en red 'n lyder,**
**wees my by stormgerug**
**'n rots om in te vlug!**
**Wees my 'n vesting, o bevryder,**
**wat op 'n berg verhewe,**
**my veiligheid kan gewe!**

## Ps 31:2, 71:9, 31:17 (bl 143, 353) - Staan

**Ek voel my sterk, aan U verbonde;**
**my mond vind tot u lof**
**gedurig ruimer stof.**
**U redding meld ek elke stonde;**
**al kan ek dit nie skat nie,**
**besyfer of bevat nie.**

## Ps 31:2, 71:9, 31:17 (bl 143, 353) - Staan

**Geloofd sy God vir sy genade,**
**so wonderbaar en groot**
**aan my, sy gunsgenoot.**
**Sy oog slaan my in liefde gade;**
**Hy lei my na 'n veste**
**in veiliger geweste.**

Wegstuurseën

&

Amen

# Gereformeerde Kerk Benoni

## 7 Maart 2010